

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 34**

**25 Augustus 2024**

**WAARHEID**
**is nog steeds die waarheid – en dit maak saak**

In ‘n oogwink het die eerste helfte van 2024 verbygegaan. Met elke dag wat kom en gaan, verander dinge. Wat laat ons staande bly in sulke onseker tye? Daar is vier aspekte wat sal help om die uitdagings van die lewe te trotseer. Hierdie beginsels is deur God ingestel om ons tydens lewenstorms sekuriteit te bied. Vandag deel ons oor waarheid waardeur ons staande kan bly.
Die waarheid en leuen staan teenoor mekaar
Die volgehoue druk deur sosiale media loods talle aanslae teen alles wat ons as waarheid beskou. Negatiewe en persoonlike mening toets daagliks die waarheid in elkeen se hart. Indien die waarheid nie op die Woord van God gegrond is nie, bestaan die gevaar dat die leuen maklik ‘n mens se lewe kan oorneem en beheer.
Is waarheid gewild?
Baie mense leef uit persoonlike voorkeur en selfvervulling wat waarheid uiters ongewild maak. Toe Noag mense vermaan het oor hulle sondige lewenstyl en die ark begin bou het, was hy nie gewild nie. Wat van toe Moses die Israeliete uit Egipte moes lei? Die waarhede wat Jesus en Sy dissipels verkondig het, was dit gewild? Baie Christene is gemartel vir die waarheid waarin hulle geglo het.
Ons kom voor ‘n keuse te staan
Waarheid is nie gewild nie, die populêre kultuur verwelkom dit nie – en indien wel, is dit lankal nie meer die waarheid nie. Waarheid wys die leuen altyd uit, konfronteer dit en veroorsaak ‘n diep konflik tussen nederigheid en hoogmoed, beheer en oorgawe. Sonde hou nie van die waarheid nie en die houvas van sonde lê in die verwerping van waarheid. Waarheid bring ons altyd voor hierdie keuse te staan: of ons aanvaar waarheid en dit maak ons vry of ons verwerp dit en ons word gebind.
Wat is waarheid?
Jesus het vir hom gesê:”Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. As julle My ken, sal julle My Vader ook ken” – Joh 14:6-7. Ons sien dat waarheid nie ‘n konsep of mening is nie, maar ‘n Persoon, naamlik Jesus Christus. Hy het gekom om sondige, verlore mense te red en te nooi om in verhouding met Hom te lewe. Hy het gelewe soos die bedoeling vir ons was om te lewe. Hy het die waarheid sonder kompromie duidelik uitgebeeld en was altyd gehoorsaam aan Sy Vader. Deur Sy dood en opstanding het Hy elke skeiding en krag wat mense kan bind en verhinder om in verhouding met God te kan leef, vernietig. Die enigste manier om waarheid te ontdek, is deur ons lewens totaal aan Jesus oor te gee en deur Sy genade Sy lewe na te volg. Om waarheid te aanvaar, is om Jesus te aanvaar, maar deur waarheid te verwerp, verwerp jy ‘n Persoon, Jesus – Hy is die waarheid! (vervolg)

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat ons regering en almal in gesagsposisies in belyning met God se hart en doel vir Suid Afrika en sy mense en vir die nasies sal kom. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir ons kinders, skoliere en studente.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie — Marthie Jooste
- Annie Brink — Tannie Rina van der Vyver
- Jaco Steenkamp — Rudi Kruger
- Tannie Marinda Jordaan — Tannie Bets Coetzee
- Johnny Viviers — Jurie Matthee
- Annika Killian — Jaap Naudé
- Leonie Kruger — Willie Viljoen
- Jillian Jansen — Johan Zulch
- Ivan Garacki — Adri Botha
- Ansie Harrison — Mia Claasen
- Cedric Wiegand

**Ons innige simpatie met Johan en Annastasia Zwiegelaar met die afsterwe van Annastasia se pa.**

## Gedagte vir die week

## Ek IS…. DIE WAARHEID!

## Stuur Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org